Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: 012 3356806
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

NUUSBRIEF 30/7/2021

LIEF EN LEED

Baie welkom aan me. Juanmérie Swart (RTT) en mnr. Benjamin Odendaal (IGO en Tegnologie) wat deel van die Wonnie-span geword het.
Baie sterkte ook aan verskeie personeel en leerders wat geliefdes in die tyd aan die dood moes afstaan. Ons gebede is by elkeen van julle.

GRAAD 12 – VERLENGDE SKOOLDAG

Die Graad 12-leerders begin vanaf **28 JULIE** met 'n verpligte verlengde skooldag. Die reëling is in plek geplaas ten einde die kurrikulum te voltooi, aangesien die rekordeksamen reeds in die middel van Augustus begin. Die Graad 12-leerders volg daagliks twee sessies na skool, volgens hul kombinasie-klasse en het dus vanaf 14:10-15:10 sessie 1, waarna sessie 2 volg vanaf 15:15-16:15.

Baie dankie aan die personeel en ons matrikulante wat ook bereid is om die ekstra werk in te sit ten einde kwaliteit matriekresultate te bereik.

RAPPORTE – KWARTAAL 2

Leerders ontvang vandag rapporte. Rapporte word ook elektronies via e-pos aan ouers gestuur. Vergewis u asseblief van u kind se resultate en prestasies vir kwartaal 2. Kontak gerus die vakpersoneellid via Google Classroom as u enige navrae het.

VOORKOMSINSPEKSIE

Die voorkoms van elke leerder bly 'n ononderhandelbare deel van die Gedragskode van die skool.
'n Volledige voorkomsinspeksie gaan op **Maandag, 2 Augustus**, plaasvind.
Leerders wie se voorkoms nie korrek is nie, sal briewe ontvang. Hul kry dan die geleentheid om die voorkoms te korrigeer. Indien die tweede inspeksie egter toon dat die voorkoms steeds verkeerd is, sal u as ouer gekontak word om die leerder te kom haal en dan kans kry om die voorkoms reg te maak.
Baie dankie vir u ondersteuning in die verband.

WONNIE KALEIDOSKOOP
Skryf nou in!

GRAAD 10 VAKVERANDERINGS

Graad 10-leerders het 'n laaste geleentheid om van vakke te verander. Hiervoor word die ouer en die personeellid van die vak wat die leerder wil neem se toestemming benodig. Vakveranderingvorms kan by die tikkantoor afgehaal word. Dit moet voor of op 7 Augustus by me. Strydom (O14) ingehandig word.

GRAAD 8 (2022) INSKRYWINGS

Die aanlyn-inskrywings vir Graad 8-leerders (2022) is voor hande. Graag wil ons al ons voornemende Wonnies op datum hou van die proses. Soos wat inligting beskikbaar raak, sal ons dit ook op die webblad plaas.

Ten einde gereed te wees vir die aanlyn-proses, moet ouers die volgende dokumente voorberei:

1. **Gewaarmerkte afskrif van leerder se geboorte-sertifikaat, waarop biologiese ouers aangedui is.**
2. **Laaste rapport van leerder wat aandui die leerder is in Graad 7.**
3. **Bewys van adres:**
   - **3.1 Indien u aansoek doen met u woonadres, moet die bewys van die adres in die ouer se naam wees.**
   - **3.2 Indien u aansoek doen met u werksadres, moet u dan 'n bewys van die werkadres tesame met 'n bewys dat u daar werk, inhandig.**

Hierdie dokumente gaan u aanlyn op die stelsel moet oplaai of u kan dit by die skool kom afgee, sodra u aansoek op die aanlynstelsel gedoen het.

SKOOLGELDE

Baie dankie aan al die ouers wat steeds getrou skoolgelde betaal. Die inkomste word steeds maandeliks benodig ten einde alle verantwoordelikhede van die skool na te kom.

Verskeie ouers betaal egter nie gereeld hul skoolgelde nie.

Ons doen 'n ernstige beroep op hierdie ouers om ook hul verpligtinge n ate kom. Gebruik die onderstaande inligting vir betalings:

Bank: FNB
Tjekrekening Reknr: 62877816789
Takkode: 250655

TEMA VIR 2021: LEEF VOLUIT MET DANKBAARHEID

MNR LEZAR
SKOOLHOOF